

DIE HERE IS SOOS 'N KRYGSMAN EN HY SKREE SOOS 'N VROU IN BARENSNOOD (JES. 42: 13, 14)

W S Prinsloo¹

Summary

THE LORD IS LIKE A WARRIOR AND HE CRIES OUT LIKE A WOMAN IN LABOR (IS 42:13, 14)

Most exegetes are of the opinion that, on the grounds of formgeschichtliche criteria, Isaiah 42:13 and 14 are not directly related to one another. However, in this article it is indicated that the two similes have purposely been placed together and should be read as closely related. The function of both similes in Isaiah 42:13 and 14 is to focus attention on the active intervention of Yahweh during the exilic period. This applies particularly to the simile in verse 14 which should therefore not be seen as a symbol of need or suffering or as an indication of the femininity of Yahweh.

INLEIDING

13 Die Here ruk op soos 'n soldaat, strydvlustig soos 'n krygsman.

Hy skree en roep die oorlogskreet uit. Hy oorwin sy vyande.

14 Ek het lank stilgebly, Ek het geswyg, My bedwing.

Nou skree ek soos 'n vrou wat 'n kind in die wêreld bring.

Ek hyg, Ek snak na asem. (Jes. 42:13 en 14, AV-1983).

Jesaja 42:13 en 14 lewer 'n hele aantal interpretasieprobleme op. Die eerste probleem het te doen met die vraag of vers 13 by die voorafgaande oproep tot lof (vv. 10-12, "Sing tot eer van die Here 'n nuwe lied...") tuishoort en of dit eerder by die daaropvolgende gedeelte ingedeel moet word. Aangesien ek elders breedvoeriger oor die saak geskryf het (cf. Prinsloo [1996]), volstaan ek hier met die enkele opmerking dat formgeschichtlike argumente die meeste eksegete daartoe verlei het om vers 13 as 'n motivering te beskou vir die oproep tot lof in verse 10-12.

1 Prof. W. S. Prinsloo, Departement Ou Testament, Universiteit van Pretoria, Pretoria, 0002.

Die standpunt wat hier ingeneem word, is egter dat vers 13 as sodanig 'n afgeronde strofe vorm en dat dit eerder nouer met die volgende verse verbind moet word en dus nie as motivering vir verse 10-12 beskou moet word nie. Jesaja 42:14 en die volgende verse verskil wel van die voorafgaande vers 13 deurdat Jahwe hier in die eerste persoon aan die woord gestel word - 'n orakel dus - terwyl vers 13 in die derde persoon oor Jahwe praat. Tog is daar, soos wat hier aangetoon sal word, 'n noue band tussen Jesaja 42:13 en 14.

'n Volgende interpretasieprobleem, en die een waarop die klem in hierdie artikel val, is die vraag in watter relasie vers 13 tot vers 14 staan. Is daar enige rede waarom die twee opvallende vergelykings juis langs mekaar staan? Dit is duidelik dat Deuterojesaja hier nie daarvan terugdeins om sterk antropomorfismes (die van 'n krygsman en die van 'n vrou in barensnood) te gebruik nie. 'n Volgende vraag is hoe hierdie antropomorfismes geïnterpreteer moet word en watter funksie die twee vergelykings binne die konteks van Deuterojesaja en spesifiek binne die konteks van Jesaja 42 hier het.

Ten einde die vae te probeer beantwoord, is dit gevolglik nodig om eers kortliks te kyk binne watter historiese en literêre konteks die verse voorkom.

JESAJA 42:13 EN 14

2.1 Die konteks van Jesaja 42:13 en 14

Hoewel dit nie moontlik is om 'n presiese datering vir Jesaja 42 en spesifiek vir bogenoemde verse te bepaal nie, kan daar tog gesê word dat die ballingskap van die Suidryk die algemene historiese verwysingsraamwerk is waarteen die hoofstuk verstaan moet word. Deuterojesaja handel hoofsaaklik oor Jahwe se verlossende optrede teenoor Juda tydens die Babiloniese ballingskap. Gewoonlik word gesê dat Deuterojesaja van 'n verlossing praat wat nog moet kom en dat Jahwe dus hier geloof word vir heil wat nog moet aanbreek, met ander woorde van die verlossing uit die ballingskap wat nog moet realiseer. Dit is egter ook nie onmoontlik nie dat by sommige dele van Deuterojesaja die heil reeds aangebreek het sodat daar teruggekyk word op dit wat Jahwe reeds gedoen het.

Wanneer daar nou nader na die konteks beweeg word waarin vers 13 en 14 voorkom, blyk die volgende: Jesaja 42:1-4 gee 'n beskrywing van die דָּבָר^2 (die kneg) - die een deur wie Jahwe sy wil bekend maak en ook uitvoer. Jesaja 42:5-9 is 'n orakel waarin Jahwe in die eerste persoon aan die woord is. Jahwe praat van sy skeppingsaktiwiteit, sy getrouheid aan die verbond en sy liefdevolle optrede teenoor diegene wat in nood is - hier dui dit waarskynlik op die ballinge. Die deel is ook poleemies in die sin dat Jahwe geteken word as die enigste God aan wie lof toekom ("die lof wat My toekom, gee Ek nie aan gesnede beelde nie", v. 8). Hy is magtig, want Hy kan die dinge wat Hy aangekondig het, laat gebeur. Jesaja 42:10-12 is 'n oproep tot alomvattende en uitbundige lof in die vorm van 'n "nuwe lied". Die "nuwe lied" waarvan vers 10 praat, verwys juis terug na die sake wat in verse 1-9 beskryf word. Jesaja 42:1-9 moet dus gesien word as motivering vir die oproep tot lof in verse 10-12.

2.2 Jesaja 42:13

Jesaja 42:13 wyk af van die voorafgaande gedeelte deurdat Jahwe hier die subjek van die werkwoorde is terwyl Hy die objek van die oproep tot lof in verse 10-12 is. Al die klem word op Hom geplaas deur die naam Jahwe voorop in die sinskonstruksie van vers 13 te plaas. Hierdie vers vertoon 'n afgerondheid in die sin dat dit sowel ingelei as afgesluit word deur die werkwoordstam נָכַר . Hierdie stam hang ten nouste saam met die vergelyking wat hier aangetref word, naamlik dat Jahwe met 'n krygsman vergelyk word ("soos 'n krygsman"; "soos 'n soldaat").

Dit moet egter beklemtoon word dat ons nie hier met 'n metafoor te doen het nie, maar wel met 'n vergelyking³: Jahwe is dus nie 'n krygsman nie, maar Hy is soos 'n krygsman. Deur Jahwe met 'n krygsman te vergelyk, word die krag en sterkte van Jahwe teenoor sy vyande na vore gebring. Die opvallende alliterasie van die medeklinkers ר en י en die

- 2 Die ruimte ontbreek uiteraard hier om die hele vraagstuk rondom die identiteit en funksie van die דָּבָר te bespreek. Dit is een van die temas in die Ou Testament waarvoor daar sekerlik die meeste gepubliseer is en nog steeds gepubliseer word. Vir 'n volledige bespreking van die saak en bibliografie hieroor, vergelyk die resente proefskrif van Booy (1995:203-220).
- 3 Vergelyk Buuhlmann & Scherer (1973:64-65) vir 'n omskrywing van die begrippe. Buuhlmann & Scherer (1973:65) merk met reg oor die vergelyking op: "Das Bild und das Vergleichene verschmelzen nicht miteinander".

assonansie van a- en i-klanke (יָעִיר, קָנָאָה, יָרִיעַ, יִצְרִיחַ) beklemtoon en verhoog die effektiwiteit van die vergelyking nog meer. Die tradisie van die Heilige Oorlog (vgl. ook bv. Eks. 15:3) word hier gebruik: Jahwe is die een wat ten behoeve van sy volk as soldaat optree om die vyande te vernietig. Hy veg dus namens sy volk. Jahwe word hier vergelyk met 'n krygsman wat sy soldate lei, wat hulle motiveer, wat 'n strydkreet gee en wat sy manne tot oorwinning aanvoer. Soos wat reeds aangetoon is, moet hierdie vers teen die agtergrond van die ballingskap - 'n tyd toe die mag van Jahwe juis deur sy eie volk bevraagteken is - verstaan word. Die tradisie van die Heilige Oorlog, die geïkoneerde taalgebruik en die vergelyking werk alles daartoe mee om te sê dat Jahwe soos in die verre verlede van die uittoeg nou weer hier in die ballingskap op 'n beslissende manier gaan ingryp.

Om saam te vat: Dit is die funksie van hierdie vergelyking in vers 13 om die kragtige ingryping van Jahwe ten behoeve van sy volk en sy toorn teenoor sy vyande te beskryf. Westermann (1966:86) vat dit goed saam wanneer hy sê: “Deuterijosaja will seinen Hörern mit diesem Bild sagen: Jetzt greift Gott ein”.

2.3 Wat is die verhouding tussen vers 13 en 14?

Voordat daar tot die bespreking van Jesaja 42:14 oorgegaan word, moet daar eers aandag aan die verhouding van vers 13 tot vers 14 gegee word. Die meeste eksegete beskou vers 13 as deel van verse 10-12 en laat 'n nuwe gedeelte by vers 14 begin. Tog is ek van mening dat hoewel vers 13, soos aangetoon, 'n aparte strofe vorm en daar inderdaad 'n nuwe gedeelte by vers 14 begin, vers 13 en 14 tog in 'n noue relasie tot mekaar staan.

Dit is geen toeval dat hierdie twee vergelykings waarin Jahwe op antropomorfe wyse geteken word juis direk na mekaar voorkom nie. Die twee vergelykings weerspreek mekaar ook nie soos wat sommige eksegete (vgl. bv. Gitay 1981:124) beweer nie, maar komplementeer mekaar juis. Behalwe dat albei die verse 'n vergelyking bevat, kan die volgende ooreenkomste ook nog aangetoon word: 'n Mens sou kon sê dat beide verse teofaniese taal gebruik (Muller 1956:472). Darr (1987:567) wys daarop dat albei vergelykings 'n klankmatige element bevat: Die kryger “skree” en “roep” (v. 13) en die vrou in barensnood “skree” en “roep” ook (v. 14).

Bogenoemde argumente toon aan dat daar doelbewuste ooreenkomste tussen vers 13 en 14 bestaan. Die vraag bestaan egter nog steeds wat die funksie is van die twee vergelykings is wat naas mekaar staan. Ten einde die vraag te probeer beantwoord, moet daar eers in meer besonderhede na vers 14 gekyk word.

2.4 Jêsaja 42:14

Diegene wat die Ou Testament deur 'n feministiese bril lees, sien in hierdie vers 'n geleentheid om aan te voer dat Jahwe hier as vrou uitgebeeld word. Phyllis Trible (1988:63), byvoorbeeld, praat van die geboortepyne van God in vers 14 en lê daarmee die klem op die vroulikheid van God.

Wat van vers 13 gesê is, geld egter ook van vers 14, naamlik dat ons nie hier met 'n metafoor te make het nie, maar met 'n vergelyking. Die klem val nie op die vroulikheid van Jahwe nie. Jahwe is dus nie 'n vrou in barensnood nie. Hy ondervind ook nie geboortepyne nie. Hy skree⁴ soos 'n vrou "wat 'n kind in die wêreld bring". Hoewel die beeld van 'n vrou wat in barensnood verkeer dikwels in die Ou Testament gebruik word om die lyding en uiterste nood van veral Israel te beskryf (vgl. bv. Jes. 13:8; Jes. 26:17; Jes. 37:3; Jer. 4:31; Jer. 6:24; Jer. 13:21), is dit egter nie hier die geval nie. Die opvatting van sommige eksegete (vgl. bv. Knight 1984:52) dat ons hier met 'n lydende God te doen het kan, soos wat hieronder aangetoon sal word, ook nie aanvaar word nie.

Dit moet weer eens beklemtoon word dat vers 14 deel is van 'n orakel waarin Jahwe in die eerste persoon aan die woord is. In die eerste deel van vers 14 word daar op staccato-agtige wyse drie werkwoorde gebruik wat eintlik dieselfde ding wil sê, naamlik dat Jahwe Homself teruggehou het, dat Hy nie opgetree het nie:

4 Die werkwoord קָרַע is 'n *hapax legomenon*. Kyk Darr (1987:568) vir die verskillende moontlikhede waarmee die werkwoord vertaal kan word. Op grond van die konteks is dit egter wel moontlik om af te lei dat dit in hierdie konteks die betekenis van "kreun" of "skree" aanneem.

"Ek het lank stil gebly,
 Ek het geswyg,
 My bedwing".

In terme van die historiese konteks waarna hierbo verwys is, dui hierdie vers waarskynlik op Jahwe se houding tydens die ballingskap. Terwyl sy volk die vernedering van die ballingskap beleef het, het Jahwe as 't ware passief opgetree en niks gedoen nie. Dat Jahwe geswyg het, beteken in hierdie konteks nie dat Hy in terme van woorde geswyg het nie, maar wel in terme van dade.⁵ Die "lank stil gebly" (תעוּלָה) dui hier beslis op die verlede. Dit staan in kontras met die tweede deel van vers 14 wat, soos aangedui sal word, meer op die toekoms slaan.

Die tweede deel van vers 14 waarin van Jahwe gesê word dat hy skree soos 'n vrou wat in barensnood is, staan egter in kontras met die eerste deel waar daar staan dat Hy "lank stil gebly" het. Hierdie tweede deel van vers 14 staan ook parallel met die eerste in die sin dat daar weer drie werkwoorde gebruik word om die handeling van Jahwe te beskryf:

"Nou skree ek ..."
 "Ek hyg ..."
 "Ek snak na asem"

Deur die twee pare werkwoorde van drie werkwoorde elk hier in vers 14 word daar 'n geweldige kontras bewerk tussen die destydse "passiewe" houding van Jahwe en sy voorneme om nou aktief op te tree. 'n Kenmerk van vers 14 is die feit dat ׀ en ם nie minder nie as drie keer saam in 'n woord voorkom (vgl. אַחַד, אֶחָד, אֶחָד). Voeg hierby nog die feit dat die konsonant ׀ sewe keer in vers 14 voorkom. Dion (1991:120) merk tereg oor hierdie alliterasie op: "the sound effect, one of gasping and panting, matches the image of the woman in labor which unifies this quatrain [d. i. v. 14, W. S. P.] at the semantic level". Die eenheid van die hele vers 14 word daarmee onderstreep.

Wanneer alles wat hierbo gesê is, inaggeneem word is Schoors (1972:268-279; cf. ook Schoors 1973:90-91) dus korrek wanneer hy aanvoer dat die tertium comparationis van die vergelyking nie die van uiterste nood is nie, maar die van skree. Binne die konteks beteken die vergelyking

5 Vergelyk Duhm (1968:317) wat opmerk: "Seit unendlich langer Zeit ... hat Jahwe geschwiegen, d. h. nicht in Worten, sondern in Taten sich ruhig verhalten".

met die skree van 'n barende vrou dat Jahwe wil intree en dat Hy aksie wil neem. Ook Spykerboer (1976:95-96) meen dat die krygsgeroep van vers 13 en die geskree van vers 14 verbind moet word en dat beide verse wil sê dat Jahwe nou aktief gaan optree. Gruber (1983:355) stem met reg ook nie saam met diegene wat sê dat die twee vergelykings in vers 13 en 14 mekaar weerspreek nie: "What these scholars did not know or forgot is that in natural childbirth the woman's role is active rather than passive". Die vergelyking met 'n barende vrou het ook die assosiasie van iets nuuts wat voortgebring gaan word. Dit sluit aan by dit wat reeds gesê is van die nuwe toetreding van Jahwe nadat hy vir lank nie opgetree het nie.

Die vergelyking in vers 14 laat dus nie die klem op die uiterste nood of op die lyding of op die vroulikheid van Jahwe val nie, maar eerder op die feit dat Hy nou aktief gaan optree.

Hierdie feit word bevestig wanneer daar na die volgende verse gekyk word. Dit gaan in hierdie verse veral om die magsvolle ingrype van Jahwe. Die orakel wat in vers 14 begin het, word in vers 15 en 16 voortgesit. Jahwe is hier ook deurgans in die eerste persoon aan die woord en Hy is die subjek van al die werkwoorde. Hierdeur val die fokus sterk op sy handeling. Bowendien staan feitlik al die werkwoorde in die hifil vorm sodat die kragtige optrede van Jahwe nog meer beklemtoon word.

In vers 15 word daar nie minder nie as vier werkwoorde gebruik om Jahwe se vernietigende en bestraffende optrede teenoor die natuur te beskryf:

"Ek laat ... verdor"

"Ek laat ... verdroog"

"Ek laat ... opdroog"

"Ek laat ... droog word".

Jahwe se ingryping word as 'n natuurkatastrofe beskryf. Vers 15 sê dat Jahwe se koms 'n effek op die totale natuur het: berge, rante, plante, riviere en waterpoele. Hierdie motief van die verdroging van die veld en die water (vgl. bv. Jes. 15:6; Jes. 19:5; Nah. 1:4) moet as 'n teofaniese beskrywing tipeer word. Hierdeur word die omvattendheid van Jahwe se bestraffende optrede na vore gebring. Hoewel vers 15 verstaan sou kon word as 'n manier waarop Jahwe se strafhandeling teenoor spesifiek Babel beskryf word (vgl. Beuken 1979:147), moet hierdie transformasie van die

natuur egter eerder universeel geïnterpreteer word (vgl. Vincent 1977:55-56). Dit is inderdaad ook een van die kenmerke van Deuterojesaja dat die klem op die universaliteit van Jahwe val.

Vers 16 gaan voort daarmee om die klem op die handeling van Jahwe te plaas. Soos in die vorige vers word dit hier weer eens versterk deur die gebruikmaking van werkwoorde in die hifil vorm. Tog is daar 'n kontras tussen vers 15 en 16. In vers 16 val die klem nie op die vernietigende handeling van Jahwe soos in 15 nie, maar juis op sy heilshandeling, op sy helende, helpende handeling. Hy help die blindes. Hy verander⁶ die donker vir hulle in lig en maak die pad vir hulle gelyk. Hierdie is 'n metafoor om te sê dat Jahwe die een is wat die hopelose situasie van die ballinge radikaal kan verander. Die einde van vers 16 vat die inhoud van vers 15 en 16 saam en sluit die orakel af met die woorde:

“Dit is wat ek gaan doen, Ek gaan daar nie van afsien nie”.

Hierdie “Dit” (אֵלֶּה הַדְּבָרִים, letterlik “hierdie sake”, v. 16) verwys na alles waarvan Jahwe in vers 15 en 16 gesê het dat Hy dit sal doen. Met ander woorde dit verwys na sy ontsagwekkende optrede in die natuur en na sy heilshandeling teenoor sy volk wat in nood verkeer.

Dit is binne hierdie konteks dat vers 14 geïnterpreteer moet word. Wanneer vers 13, waar Jahwe met 'n krygsman vergelyk word, ook in berekening gebring word dan kan daar tot geen ander konklusie gekom word as dat die vergelyking in vers 14 ook na die kragtige optrede van Jahwe verwys nie.

3. KONKLUDERENDE OPMERKINGS

Die sterk antropomorfismes wat gepaard gaan met die vergelyking van Jahwe met 'n krygsman en met 'n barende vrou sou vir sommige mense nie aanvaarbaar wees nie. Om die rede is daar in die verlede al dikwels probeer om die vergelykings - dit geld veral van die vergelyking met die barende vrou in Jesaja 42:14 - te versag of weg te redeneer. Vir diene wat 'n feministiese lees van die Ou Testament voorstaan, bied Jesaja 42:14 weer die geleentheid om te sê dat Jahwe hier as vrou uitgebeeld word.

6 Dit is opvallend dat dieselfde werkwoord עָשָׂה wat hier gebruik word, ook in vers 15 gebruik word om aan te dui dat Jahwe die riviere laat opdroog. Hierdeur word die kontras tussen vers 15 en 16 nog meer verhoog.

Nie een van bogenoemde benaderingswyses gaan egter op nie. Wanneer Jesaja 42:14 binne sy literêre konteks - met ander woorde in die lig van die voorafgaande vers 13 en in die lig van vers 15 en 16 - en binne sy historiese konteks (die ballingskap van die Suidryk) gelees word, tree die volgende na vore: Met die oënskynlike teenstelling deur Jahwe met 'n krygsman (v. 13) en met 'n barende vrou (v. 14) te vergelyk, word dieselfde saak hier aan die orde gestel, naamlik dat Jahwe nou weer op 'n kragdadige manier gaan ingryp.

Dit is onmoontlik om te sê of die twee vergelykings deur 'n latere redaktor so doelbewus langs mekaar ingevoeg is en of dit oorspronklik so deel van die teks was. Wat wel gesê kan word is dat dit in die teks soos wat dit tans voor ons lê wel bogenoemde funksie het.

Vir die moedelose, twyfelende en selfs ongelowige volk van die ballingskap sou hierdie belofte van kragdadige ingryping deur Jahwe ongetwyfeld 'n sterk bemoediging gewees het. Die stylfiguur van vergelyking in Jesaja 42:13 en 14 sou 'n effektiewe manier gewees het om die volk te oortuig dat Jahwe 'n nuwe heilsdaad aan hulle sou doen.

Bibliografie

BEUKEN W A M

1979. *Jesaja deel II*. Nijkerk: Callenbach (POT.)

BOOY G M

1995. *Jesaja 52:13-53:12. Voorspelling of trooswoord?* D.D.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, Pretoria.

BÿUUHLMANN W & SCHERER K

1973. *Stilfiguren der Bibel. Ein kleines Nachschlagewerk*. Fribourg: Schweizeres Katholisches Bibelwerk (Biblische Beiträge 10.)

DARR K P

1987. *Like warrior, like woman: Destruction and deliverance in Isaiah 42:10-17*. CBQ 49, 560-571.

DION P E

1991. The structure of Isaiah 42.10-17 as approached through versification and distribution of poetic devices. *JSTOT* 49, 113-124.

DUHM B

1968. *Das Buch Jesaja*. 5. Aufl. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.

GITAY Y

1981. *Prophecy and persuasion. A study of Isaiah 40-48*. Bonn: *Linguistica Biblica* (Forum Theologiae Linguisticae 14.)

GRUBER M I

1983. *The motherhood of God in second Isaiah*. *Revue Biblique* 90, 351-359.

KNIGHT G A F

1984. *Servant theology. A commentary on the book of Isaiah 40-55*. Grand Rapids: Eerdmans.

MULLENBURG J

1956. *The book of Isaiah. Chapters 40-66*. New York: Abingdon Press (IB 5.)

PRINSLOO W S

[1996]. *Isaiah 42:10-12: "Sing to the Lord a new song ..."*. *Bibliotheca Ephemeridum Theologicarum Lovaniensium* (Aanvaar vir publikasie.)

SCHOORS A

1972. *Jesaja II*. Roermond: Romen & Zonen (BOT.)

1973. I am God your saviour. A form-critical study of the main genres in Is. XL-LV. Leiden: Brill (VTS 24.)

SPYKERBOER H C

1976. *The structure and composition of Deutero-Isaiah with special reference to the polemics against idolatry*. Meppel: Krips.

TRIBLE P

1988. *God en sekse-gebonden taalgebruik*. Vert. deur L. Nauts. Hilversum: Gooi & Sticht.

VINCENT J M

1977. *Studien zur literarischen Eigenart und zur geistigen Heimat von Jesaja, Kap. 40-55*. Frankfurt am Main: Lang (Beitryauge zur biblischen Exegese und Theologie 5.)

WESTERMANN C

1966. *Das Buch Jesaja, Kap. 40-66*. Gyouuttingen: Vandenhoeck & Ruprecht (ATD 19.)